

BOOMLUSERN: KORT UITPLANTGIDS EN ANDER BELANGRIKE WENKE

1. WANNEER U DIE SAAILINGE ONTVANG

1.1 **Plaas die saailinge op 'n veilige plek en in halfskadu.** Sorg asb. dat dit nie teen 'n hitte-weerkaatsende agtergrond soos 'n sink- of wit muur staan nie – as dit gebeur gaan u groot plantverliese ondervind. As die saailaie op die grond of bv. 'n seil staan, kan siektes deur die water tussen hulle versprei. Direk op die grond kan die wortels weer in die grond ingroei. Plaas die saailaie dus minstens op bakstene.

1.2 **Moenie die wortels laat uitdroog nie.** In ideale weersomstandighede kan 'n ligte watertoediening elke dag voldoende wees, maar in 'n hittegolf met warm wind mag dit selfs nodig wees om die saailinge soggens en smiddae nat te maak, veral indien die wind waai. Onthou – die saailinge se wortels is deur 'n baie beperkte hoeveelheid groeimedium bedek.

2. BELANGRIKE BASIESE VOORSORG VOORDAT U BEGIN UITPLANT

2.1 Ongeag of u eers in swart sakke of direk in die veld gaan uitplant, is die volgende van kritieke belang in albei gevalle om saailingvrektes te voorkom:

- **Moenie enige dieremis, kompos of kunsmis by u grondmengsel invoeg nie.** Mis en kompos kan nadelige swamme bevat wat wortelvrot veroorsaak. Boomlusern is 'n peulplant en leef met positiewe of goeie mikro-organismes op sy wortelstelsel wat die sistemiese of biologiese immunitet teen siektes meebring. Negatiewe mikro-organismes kan die jong plant benadeel. Die stikstof in kunsmis kan die plant brand en goeie mikrobies skade aandoen. Selfs fosfaat kan nadelig wees. Die sagte nuwe groei wat deur kunsmis veroorsaak word lei baie maklik tot plantmortaliteit weens uitplantskok.
- **Moenie dorps-/chloorwater direk op die saailinge gebruik nie.** Laat die water eers vir 'n dag in die son staan sodat die chloor kan verdamp. (Chloor maak alle mikro-organismes dood – dus ook die kritiek belangrike goeies).
- **Moenie swamdoders of insekdoders wat chemiese middels bevat, in die groeimengsel toevoeg nie.** Moet ook geen groei stimulant toevoeg wat sagte kwesbare nuwe groei veroorsaak nie. Sulke sagte plantmateriaal oorleef die uitplantproses moeilik en die uitplantskok lei tot vrektes. Die swamdoders maak nie net die negatiewe swamme dood nie, maar ook die biologiese beskerming wat die toegevoegde Groen Mamba™ mikro-organismes aan die Biotech Boomlusern™ se wortels gee het. U gaan later 100% plantmortaliteit beleef.
- **Moenie chemiese spuitstowwe teen swamme, patogene, insekte of weidiers op die plante gebruik nie.** Dit hou dieselfde risiko in as wat hierbo beskryf is.

3. UITPLANT IN SWART SAKKE

(Dit word aanvaar u plant in sakke uit om klein saailinge groter en sterk te laat groei voordat u dit in die veld uitplant. Voorts word aanvaar dat die plante onder beskutting van bv. skadunet sal wees).

3.1 Die ideale groeimedium is 1/3 grond en 2/3 sand.

3.2 Die pH van u grondmengsel moet ideaal gesproke tussen 5 en 7 wees, maar 'n pH van 4 (Groen Kalahari™ kultivar) en 8 (Kilimanjaro™) is nog gangbaar. Groen Kalahari™ groei bv. beter in die laer pH, terwyl Cattle Candy™ en Kilimanjaro™ weer tussen 5-7 floreer.

3.3 Vul die sak tot op die historiese worteldiepte met groeimedium en maak goed nat.

3.4 Die groeimedium in die saailaai waaruit die saailing kom moet ook effens nat wees om die groeimedium mooi bymekaar te hou. U wil nie die wortels aan droë lug blootstel nie.

3.5 Trek liggies aan die stammetjie, terwyl u terselfdertyd versigtig met 'n stokkie van die regte dikte van onder af deur die saailaagaatjie opdruk. **LET WEL:** As u die saailing net aan sy stammetjie uittrek, loop u die risiko om die wortels af te breek.

Moenie bekommerd wees as u plante 'n **grys kleur** kry nadat u dit uitgeplant het nie. Dit gebeur omdat daar skielik wortelontwikkeling plaasvind wat tydelik voeding/groekrag van die bogrondse plant onttrek.

3.6 Hou die saailing dan in posisie op die nat groeimedium in die sak, vul dit gelyk op met die wortelgrond se oppervlak en druk vas.

LET WEL: Moenie die saailing se stammetjie wat bokant die groeimedium in die saailaai was nou onder die grond toemaak nie.

Moet dus nie die plant dieper plant as wat dit in die saailaai was nie omrede die nuut bedekte stam dan infeksies onder die grond sal kry. Plant dit uit op dieselfde diepte as wat die plant in die saailaai was.

3.7 Moenie te veel water gee nie en die plant versuip nie. Gee na uitplant genoeg water vir die plant om te vat. Laat U deur dreineringslei.

4. UITPLANT IN DIE VELD

4.1 **Afharding.** Hard die plantjies af 2 weke voordat u dit in die veld uitplant, deur dit in direkte sonlig te plaas en vir vol son en waterstres voor te berei.

Die beste plant is 'n paar keer geknip, afgehard en glad nie opgepiep en kunsmatig vir vertoondoeleindes mooigemaak nie.

4.2 **Knip die plante vooraf.** Knip ook die plante in die voorafgaande weke - daar moet geen sagte nuwe groei wees nie

en geen groeistimulante soos fosfaat moet toegedien word nie. Knip ten minste die boonste 1/3 van die plant af. (Knip as riglyn die plante wat u in swart sakke groter groei op ongeveer 15 cm af, so 2-3 keer, en stimuleer so stamverdikking en wortelreserwes). Plant dit uit na die laaste knip.

Moenie op grootte fokus nie, maar fokus op stamdikte. Plant dus 'n plant uit wat net 1/3 van sy potensiële grootte op daardie ouderdom is.

'n Gat van 200mm x 200mm x 300mm diep is 'n goeie riglyn. Kyk foto's onderaan.

4.3 Grawe die gate vooraf of maak 'n 40cm diep riplyn vir beter wortel-penetrasie. **LET WEL:** Normaalweg hoor mens jy moet 'n groot en diep gat maak sodat die wortels lekker los grond het om in te vestig. Dit is reg vir leem- en sanderige grond. Vir turf en klei, rip 60 cm diep voordat u die gat maak om dreineringslei aan te help. U kan nie maklik in turf en klei suksesvol vestig sonder 'n diep rip nie. Groot, selfstandige gate in turf of klei wat nie in 'n riplyn gemaak is nie, skep skadelike dreineringsputte om die wortels. Hou die gate in turf en klei liever klein.

4.4 Vul die gate met water en laat wegsak.

4.5 Haal die **saailing** (wortels mooi klam) uit die laai, plaas dit op die nat grond, gooi weer water in en maak toe met grond (as die modder in die gat lekker sag is sodat die saailingwortels daarin kan wegsak is dit nog beter). Onthou om nie die stamgedeelte wat bokant die grond was nou onder die grond toe te maak nie. Indien u **vanuit swart sakke** oorplant, plaas die sak met klam groeimedium op die nat modder in die gat en sny versigtig oop dat dit nie uitmekaar val nie. Trek die plastieksak dan uit, vul die gat met water en onmiddellik met grond. So word verhoed dat die wortels aan lug blootgestel word.

4.6 Op die webwerf (www.biotechtreelucerne.com) word inligting oor die voordeel en metodiek van boombeskermers gegee. Onder andere verskaf dit vir veral die kleiner saailingformaat beskerming en halfskaduwee (sou u saailinge direk in die veld uitplant). Dit beskerm ook in die vestigingstydperk teen weidiere. Alternatiewelik kan u die nuwe plante in die veld beskerm deur die gat met doringtakkes of lang gras te bedek. U kan ook die gat versink en die plantjie onder die grondoppervlakte plant om winduitdroging en weidier risiko te verminder. 'n Haas en bok wil nie hulle kop in 'n gat steek om 'n plantjie onder die omliggende grondoppervlak tot teen die grond af te vreet nie. **Let Wel:** Ons ondervinding toon bo alle twyfel dat boere dikwels skade lei omdat hulle hierdie raad ignoreer.

5. DIE VESTIGINGSTYDPERK

5.1 Moenie u plante in die veld aan hul eie lot oorlaat nie. Hou goeie toesig oor hul vordering.

5.2 Dien die eerste maand gereeld water toe totdat u sien die boompies begin groei. Dan kan u geleidelik besproeiing onttrek en toelaat dat die reën die werk doen. Moet egter nooit toesig opgee nie. Onthou dat abnormale weerstoestande soos hittegolwe en warm wind veral in die eerste maande 'n nadelige invloed kan hê.

5.3 Na sowat 9 maande (of langer afhangende van u area en groeivordering) kan u begin om die bome liggies te laat beweë totdat ongeveer 20%-30% van die loof oor is. Onttrek dan die diere en gee die plante ongeveer 6 weke hersteltyd voordat u dit weer laat beweë. Na sowat 3 jaar kan u – mits u 'n paar hektaar boomlusern aangeplant het – soveel as 40 beeste of 100 skape per hektaar op 'n wisselweidingsstelsel akkommodeer.

Die top 10 Foute wat Boere maak:

1. Die plant van skoon saad sonder die volledige reeks Groen Mamba™ Entstowwwe of slegs met Rhizobium. Sulke plante vrek gewoonlik tussen knie en heuphoogte.
2. Die plant van Bome wat nie van Biotech Boomlusern™ kom nie. Kyk punt 1. Indien u nie die gepaste kultivar plant vir u area kry nie is die kans baie goed dat die bome nie deur die eerste seisoen se winter gaan kom nie en op ongeveer belthoogte gaan vrek.
3. Die plant van Biotechbome wat nog in die Grysblaarfase is. Sulke plante is nog swak en kan nie die uitplantstadium hanteer nie.
4. Die plant van Biotechbome wat uit ideale groeistoestand en sonder afharding direk na vol son ekstensiewe toestande geneem word. Sulke bome se uitplantstadium is geweldig.

LET WEL: As u plantjies geel word beteken dit stres – dis normaal. Gee net skoon water en laat die plant deur die stres en uitplantstadium werk. Moet nie iets anders byvoeg as skoon water nie.

5. Die toevoeging van fosfaat, kunsmis en selfs net 'n klein bietjie mis en kompos. Dit stimuleer sagte nuwe groei wat die uitplantkok geweldig vermeerder en tot plant mortaliteit lei. "You are killing the plants with kindness".
6. Munisipale water met Chloor. Dit maak die kritieke goeie wortelorganismes dood en laat die plant sonder biologiese beskerming.
7. Plante word dieper geplant as wat hulle in die saailaai of swart sak was met 2-5 cm van die stam wat nou onder die grond is. Ervaring wys dat dit 'n swak plek vir grondinfeksies skep en so 3-6 weke later na siektes en vrekte lei.
8. Chemiese swammiddels. Daar word 'n chemiese swamdoder toegedien. Dit veroorsaak dat u al die bome gaan verloor.
9. Die uitplant van prag spogplante. Dit is maklik om fantastiese groei in kweekhuistoestande te kry wat geheel en al kunsmatig is. Sulke onaangepaste plante kan nie in die veld oorleef nie. U soek 'n Biotechplant wat afgeknou, skrikgemaak, geknip en afgehard is.
10. Die plant se stam dikte bepaal gehardheid en wortelreserwes. Plante wat 3 keer geknip is is baie meer uitplantgereed as plante wat 2 voet hoog is en pragtig vertoon.

Riglyn:

- Plant net Biotech Boomlusern™.
- Doen dit volgens protokol.
- Doen dit reg, of glad nie.
- Moet glad nie die verskil tussen hierdie protokol riglyne en implementasie met hoop opvul nie. Hoop werk nie, emosie is irrelevant. Pas wetenskap as beste praktyk toe en vermy plant-mortaliteit.

